

# Omgewingsentrum open sy deure op Delvera

## Alet Janse van Rensburg

STELLENBOSCH. – Kinders uit plaaslike gemeenskappe het hulle Vrydag oopmond en effe skrikkerig staan en verkyk aan die roofvoëls en slange by 'n nuwe omgewingsopvoedingsentrum hier.

Die sentrum is Vrydag op die Delvera-plaas geopen met verskeie tentoonstellings van omgewingsvriendelike produkte wat gestrek het van doodskiste tot verf.

Bestuurslede van die Groter Simonsberg-bewarea het die sentrum met behulp van die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit (KWDM) op die been gebring.

“Plaaslike gemeenskappe kan nou die sentrum benut om hul omgewingsvriendelike produkte ten toon te stel stal en werksessies aan te bied,” het Nora Sterling-

Thiel, voorsitter van die Groter Simonsberg-bewarea, by die sentrum se opening gesê.

Die bewarea bestaan uit 28 lidplase wat na die natuurlewe in die omgewing van die Simonsberg en Klapmutskop omsien.

“Ons het reeds in die afgelope jaar 600 kinders deur ons omgewingsopvoedingsprogram gesit, maar het nooit 'n vaste lokaal gehad nie en moes die werksessies op verskillende plekke aanbied. Nou het ons eindelijk ons eie gebou.”

Die KWDM het die geld gegee om die bestaande gebou op die plaas, wat oorspronklik 'n kwekerij was, op te knap.

“Ons hoop die sentrum bring die kinders nader aan die natuur,” het Kobus du Plessis, 'n raadslid van die munisipaliteit, gesê.



Kinders uit die Stellenbosch-omgewing verkyk hulle Vrydag aan Mic, die swartarend, terwyl Hank Chalmers van Eagle Encounters hulle meer van roofvoëls vertel. Die geleentheid was die opening van die Groter Simonsberg-bewarea en Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit se nuwe omgewingsopvoedingsentrum op die Delvera-plaas. Foto: DENZIL MAREGELE